Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

THE UNION OF SOUTH AFRICA

# Government Gazette

# Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY UITGEGEE OP GESAG

VOL. XCIX.] PRICE 6d. CAPE TOWN, 26TH MARCH, 1935. KAAPSTAD, 26 MAART 1935. PRYS 6d. [No. 2257.

## GOVERNMENT NOTICE.

The following Government Notice is published for general information.

H. D. J. BODENSTEIN,
Secretary to the Prime Minister.

Prime Minister's Office,
Cape Town.

No. 399. 26th March, 1935.

It is notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to assent to the following Acts which are hereby published for general information:—


| | | PAGE |
|---|---|---|
| No. 2 of 1935. | Medical, Dental and Pharmacy Amendment Act, 1935 .. | ii |
| No. 3 of 1235. | Second Additional Appropriation Act, 1935 .. .. | iv |
| No. 4 of 1935. | Unauthorized Expenditure (1933/34) Act, 1935 .. | vi |


## GOEWERMENTSKENNISGEWING.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word vir algemene informasie gepubliseer.

H. D. J. BODENSTEIN,
Sekretaris van die Eerste Minister.

Kantoor van die Eerste Minister,
Kaapstad.

No. 399. 26 Maart 1935.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wette wat hiermee vir algemene informasie gepubliseer word :—


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| No. 2 van 1935. | Wysigingswet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1935 .. .. .. | iii |
| No. 3 van 1935. | Tweede Addisionele Begrotingswet, 1935 .. .. | v |
| No. 4 van 1935. | Ongeoutoriseerde Uitgawes (1933/34) Wet, 1935 .. | vii |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 2, 1935.]

# ACT

## To amend the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928.

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 7 of Act 13 of 1928.

1. Section *seven* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the deletion of all words after the word "but" and the substitution therefor of the words: "no penalty imposed by any such committee other than a caution or a reprimand or a reprimand and a caution shall be of force and effect until the council or board has confirmed its imposition".

Amendment of section 13 of Act 13 of 1928.

2. Section *thirteen* of the principal Act is hereby repealed and the following new section *thirteen* substituted:

"Amendment of First Schedule. 13. The Governor-General may from time to time by regulation amend the First Schedule to this Act".

Amendment of section 22 of Act 13 of 1928.

3. Section *twenty-two* of the principal Act is hereby amended by the insertion after the word "druggists" where it occurs for the first time, of the words "if they have, before or in connection with or after the acquisition of those degrees, diplomas or certificates, complied with such conditions or requirements as may be prescribed in any such regulation".

Amendment of section 23 of Act 13 of 1928.

4. Sub-section (3) of section *twenty-three* of the principal Act is hereby amended by the insertion after the words "(as the case may be)" where they occur for the first time, of the words "if he has, before or in connection with or after the acquisition of any such degree, diploma or certificate, complied with such conditions or requirements as may be prescribed in any such regulation".

Amendment of section 28 of Act 13 of 1928.

5. Sub-section (2) of section *twenty-eight* of the principal Act is hereby amended by the insertion after the word "druggist" where it occurs for the first time, of the words "if he has, before or in connection with or after the acquisition of any such diploma or certificate, complied with such conditions or requirements as may be prescribed in any such regulation".

Amendment of section 42 of Act 13 of 1928.

6. Paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-two* of the principal Act is hereby deleted and the following paragraph substituted therefor:

"(*a*) a caution or a reprimand or a reprimand and a caution".

Amendment of section 99 of Act 13 of 1928.

7. Sub-section (1) of section *ninety-nine* of the principal Act is hereby amended by the insertion, after the words "purposes of this Act" of the words "except for the purposes of paragraph (*b*) of the proviso to sub-section (4) of section *two*".

Short title.

8. This Act shall be known as the Medical, Dental and Pharmacy Amendment Act, 1935.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


No. 2, 1935.]

# WET

## Tot wysiging van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928.

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg :—

**1.** Artikel *sewe* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (hieronder die Hoofwet genoem) word hiermee gewysig deur alle woorde na die woord ,,maar" te skrap en te vervang deur die woorde ,,geen straf deur so 'n komitee opgelê (behalwe 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing) is regsgeldig nie totdat die raad of kommissie die oplegging daarvan bekragtig het ". Wysiging van artikel 7 van Wet 13 van 1928.

**2.** Artikel *dertien* van die Hoofwet word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang : Wysiging van artikel 13 van Wet 13 van 1928.

,,Wysiging van Eerste Bylae. **13.** Die Goewerneur-generaal kan van tyd tot tyd die Eerste Bylae tot hierdie Wet deur regulasies wysig ".

**3.** Artikel *twee-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die volgende woorde na die woord ,,aptekers", waar dit vir die eerste keer voorkom, in te voeg : ,,mits hulle voor of in verband met of na die verkryging van daardie grade, diplomas of sertifikate voldoen het aan die voorwaardes of vereistes wat so 'n regulasie mag voorskryf". Wysiging van artikel 22 van Wet 13 van 1928.

**4.** Sub-artikel (3) van artikel *drie-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die volgende woorde na die woorde ,,geregistreer te word" in te voeg : ,,mits hy voor of in verband met of na die verkryging van so 'n graad, diploma of sertifikaat voldoen het aan die voorwaardes of vereistes wat so 'n regulasie mag voorskryf". Wysiging van artikel 23 van Wet 13 van 1928.

**5.** Sub-artikel (2) van artikel *agt-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die volgende woorde na die woorde ,,geregistreer te word" in te voeg : ,,as hy voor of in verband met of na die verkryging van so 'n diploma of sertifikaat voldoen het aan die voorwaardes of vereistes wat so 'n regulasie mag voorskryf". Wysiging van artikel 28 van Wet 13 van 1928.

**6.** Paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-veertig* van die Hoofwet word hiermee geskrap en deur die volgende paragraaf vervang : Wysiging van artikel 42 van Wet 13 van 1928.

,,(*a*) 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing of".

**7.** Sub-artikel (1) van artikel *negen-en-negentig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die volgende woorde na die woorde ,,doeleindes van hierdie Wet" in te voeg : ,,behalwe vir die doeleindes van paragraaf (*b*) van die voorbehoudsbepaling tot sub-artikel (4) van artikel *twee*". Wysiging van artikel 99 van Wet 13 van 1928.

**8.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1935. Kort titel.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 3, 1935.]

# ACT

**To apply a further sum not exceeding one million one hundred and fifty-nine thousand three hundred and seventy-three pounds towards the service of the Union for the year ending on the thirty-first day of March, 1935.**

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty' the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Exchequer Account charged with £527,703 on revenue account.

**1.** The Exchequer Account is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Union (and chargeable to revenue account) during the year ending on the thirty-first day of March, 1935, not exceeding in the whole the sum of five hundred and twenty-seven thousand seven hundred and three pounds, in addition to the sums charged by the Appropriation Act, 1934 (Act No. 66 of 1934), and the Additional Appropriation Act, 1935 (Act No. 1 of 1935).

Exchequer Account charged with £631,670 on loan account.

**2.** The Exchequer Account is further charged with such sums of money as may be required for the service of the Union (and chargeable to loan account) during the year ending on the thirty-first day of March, 1935, not exceeding in the whole the sum of six hundred and thirty-one thousand six hundred and seventy pounds, in addition to the sums charged by the Appropriation Act, 1934 (Act No. 66 of 1934), and the Additional Appropriation Act, 1935 (Act No. 1 of 1935).

How money to be applied.

**3.** The money appropriated by this Act shall be applied to the services detailed in the Schedule hereto, and more particularly specified in the Second Estimates of Additional Expenditure (U.G. 3—1935) as approved by Parliament, and to no other purpose.

Short title.

**4.** This Act shall be known as the Second Additional Appropriation Act, 1935.

## Schedule.

| No. of Vote. | Title of Vote. | Amount |
|---|---|---|
| | (Chargeable to Revenue Account.) | £ |
| 7 | Magistrates and District Administration | 7,300 |
| 10 | Treasury | 1,883 |
| 13 | Provincial Administrations | 28,423 |
| 14 | Miscellaneous Services | 74,402 |
| 15 | High Commissioner in London | 1,450 |
| 17 | Customs and Excise | 3,929 |
| 20 | Assistance to Farmers | 118,000 |
| 21 | Mines | 27,000 |
| 22 | Native Affairs | 31,000 |
| 23 | Defence | 9,000 |
| 24 | Agriculture | 41,550 |
| 27 | Labour | 100,000 |
| 29 | Lands | 6,200 |
| 34 | Public Service Commission | 2,390 |
| 35 | Mental Hospitals and Institutions for Feeble-Minded | 8,224 |
| 37 | Public Health | 17,572 |
| 38 | Union Education | 1,900 |
| 40 | Posts, Telegraphs and Telephones | 25,000 |
| 41 | Public Works | 22,480 |
| | Total | 527,703 |
| | (Chargeable to Loan Account.) | |
| B. | Public Works | 20,200 |
| C. | Telegraphs and Telephones | 25,000 |
| D. | Lands and Settlements | 42,400 |
| G. | Land and Agricultural Bank | 500,000 |
| K. | Agriculture | 34,070 |
| O. | Printing and Stationery | 10,000 |
| | Total | £631,670 |

SUMMARY.

| | |
|---|---|
| Amount chargeable to Revenue Account | £527,703 |
| Amount chargeable to Loan Account | 631,670 |
| | £1,159,373 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 3, 1935.]

# WET

**Tot aanwending van 'n verdere som van nie meer as een miljoen eenhonderd-negen-en-vyftigduisend driehonderd drie-en-sewentig pond vir die diens van die Unie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1935.**

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika as volg:—

**1.** Die Skatkisrekening word hiermee belas met sodanige somme geld as wat benodig mag wees vir die diens van die Unie (en wel ten laste van die inkomsterekening) gedurende die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1935 maar gesamentlik nie meer as vyfhonderd sewen-en-twintig duisend sewehonderd en drie pond, buiten en behalwe die somme uitgetrek, kragtens die Begrotingswet, 1934 (Wet No. 66 van 1934), en die Addisionele Begrotingswet, 1935 (Wet No. 1 van 1935). Skatkisrekening belas met £527,703 op inkomsterekening.

**2.** Die Skatkisrekening word verder belas met sodanige somme geld as wat benodig mag wees vir die diens van die Unie (en wel ten laste van die leningsrekening) gedurende die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart, 1935, maar gesamentlik nie meer as seshonderd een-en-dertig duisend seshonderd en sewentig pond, buiten en behalwe die somme uitgetrek kragtens die Begrotingswet, 1934 (Wet No. 66 van 1934), en die Addisionele Begrotingswet, 1935 (Wet No. 1 van 1935). Skatkisrekening belas met £631,670 op leningsrekening.

**3.** Die geld deur hierdie Wet beskikbaar gestel, moet aangewend word vir die dienste opgenoem in die aangehegte Bylae en met meer besonderhede vermeld in die Tweede Begroting van Addisionele Uitgawes (U.G. 3—1935), soos deur die Parlement goedgekeur, en vir geen ander doel. Hoe die geld moet bestee word.

**4.** Hierdie Wet heet die Tweede Addisionele Begrotingswet, 1935. Kort titel.

## Bylae.

| No. van Begrotingspos. | Titel van Begrotingspos. | Bedrag. |
|---|---|---|
| | (Ten laste van Inkomsterekening.) | £ |
| 7 | Magistrate en Distriksadministrasie .. .. | 7,300 |
| 10 | Tesourie .. .. .. .. .. .. | 1,883 |
| 13 | Provinsiale Administrasies .. .. .. | 28,423 |
| 14 | Diverse Dienste .. .. .. .. .. | 74,402 |
| 15 | Hoë Kommissaris in Londen .. .. .. | 1,450 |
| 17 | Invoerregte en Aksyns .. .. .. .. | 3,929 |
| 20 | Hulp aan Boere .. .. .. .. .. | 118,000 |
| 21 | Mynwese .. .. .. .. .. .. | 27,000 |
| 22 | Naturellesake .. .. .. .. .. | 31,000 |
| 23 | Verdediging .. .. .. .. .. | 9,000 |
| 24 | Landbou .. .. .. .. .. .. | 41,550 |
| 27 | Arbeid .. .. .. .. .. .. | 100,000 |
| 29 | Lande .. .. .. .. .. .. | 6,200 |
| 34 | Staatsdienskommissie .. .. .. .. | 2,390 |
| 35 | Hospitale vir Sielsiekes en Inrigtings van Swaksinniges .. .. .. .. .. | 8,224 |
| 37 | Volksgesondheid .. .. .. .. .. | 17,572 |
| 38 | Unie-Onderwys .. .. .. .. .. | 1,900 |
| 40 | Pos, Telegraaf en Telefoonwese .. .. .. | 25,000 |
| 41 | Publieke Werke .. .. .. .. .. | 22,480 |
| | Totaal .. | 527,703 |
| | (Ten laste van Leningsrekening.) | |
| B. | Publieke Werke .. .. .. .. .. | 20,200 |
| C. | Telegraaf- en Telefoonwese .. .. .. | 25,000 |
| D. | Lande en Nedersettings .. .. .. .. | 42,400 |
| G. | Land- en Landboubank .. .. .. .. | 500,000 |
| K. | Landbou .. .. .. .. .. .. | 34,070 |
| O. | Drukwerk en Skryfbehoeftes .. .. .. | 10,000 |
| | Totaal .. | £631,670 |

SAMEVATTING.

| | |
|---|---|
| Bedrag ten laste van Inkomsterekening .. | £527,703 |
| Bedrag ten laste van Leningsrekening .. | 631,670 |
| | £1,159,373 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 4, 1935.]

# ACT

**To apply a further sum of money towards the service of the Union for the year ended on the thirty-first day of March, 1934, for the purpose of meeting and covering certain unauthorized expenditure.**

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Exchequer Account charged with £13,180 16s.

**1.** The Exchequer Account of the Union is hereby charged with the sum of thirteen thousand one hundred and eighty pounds sixteen shillings, to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the Union for the year which ended on the thirty-first day of March, 1934. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Act and is more particularly specified on pages 98, 183, 194, 245 and 246 of the Report (which has been submitted to Parliament) of the Controller and Auditor-General on the accounts of the said year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1935.

Short title.

**2.** This Act shall be known as the Unauthorized Expenditure (1933-'34) Act, 1935.

## Schedule.

| No. of Vote. | Title of Vote. | Amount. | | |
|---|---|---|---|---|
| | *(On Revenue Account.)* | £ | s. | d. |
| 4 | Prime Minister and External Affairs .. | 2,632 | 0 | 4 |
| 35 | Mental Hospitals and Institutions for Feeble-minded .. .. .. .. .. | 6,741 | 3 | 5 |
| 37 | Public Health .. .. .. .. .. | 1,287 | 3 | 1 |
| | Total .. .. .. | £10,660 | 6 | 10 |
| | *(On Loan Account.)* | | | |
| E | Irrigation .. .. .. .. .. | 2,520 | 9 | 2 |
| | Grand Total .. .. | £13,180 | 16 | 0 |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 4, 1935.]

# WET

**Tot aanwending van 'n verdere som vir die diens van die Unie vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1934 geëindig het tot bestryding en dekking van sekere ongeoutoriseerde uitgawes.**

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Skatkisrekening belas met £13,180 16s.

**1.** Die Skatkisrekening van die Unie word hiermee belas met die som van dertienduisend-eenhonderd-en-tagtig pond, sestien sjielings tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir die diens van die Unie vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1934 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae tot hierdie Wet en word nader omskryf op bladsye 100, 185, 196 en 250 van die aan die Parlement voorgelegde Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings vir voormelde jaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekenings, 1935.

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Ongeoutoriseerde Uitgawes (1933-'34) Wet, 1935.

## Bylae.

| No. van Begrotingspos. | Titel van Begrotingspos. | Bedrag. | | |
|---|---|---|---|---|
| | *(Op Inkomsterekening.)* | £ | s. | d. |
| 4 | Eerste Minister en Buitelandse Sake .. | 2,632 | 0 | 4 |
| 35 | Hospitale vir Sielsiekes en Inrigtings vir Swaksinniges .. .. .. .. .. | 6,741 | 3 | 5 |
| 37 | Volksgesondheid .. .. .. .. .. | 1,287 | 3 | 1 |
| | Totaal .. .. .. | £10,660 | 6 | 10 |
| | *(Op Leningsrekening.)* | | | |
| E | Besproeiing .. .. .. .. .. | 2,520 | 9 | 2 |
| | Groot Totaal .. .. | £13,180 | 16 | 0 |